NAGUILE

'n Eenbedryf vir leerders

deur

WimVorster

Voorheen aangebied onder die titel **Nagvoëls** maar nou **Naguile** om verwarring met die roman **Nagvoëls** van Francois Loots te verhoed.

Toestemming vir opvoerregte berus by:

WIM VORSTER (e-posadres: wimvorster1@gmail.com)

NAGUILE

'n Eenbedryf vir leerders

WIM VORSTER

Voorheen aangebied onder die titel **Nagvoëls** maar nou **Naguile** om verwarring met die roman **Nagvoëls** van Francois Loots te verhoed.

NAGVOËLS

KARAKTERS	MATRIEK/GRAAD TWAALF
WYNAND	18, [redacted], ATLETIES (SWEM, RUGBY)
DEWALD	18, [redacted], ATLETIES (TENNIS, GIMNASTIEK) GRAAD ELF
FANIE	16/17, [redacted], FYNER GEBOU
GREEF	19, ([redacted]R HISTORIES 2) STERK MATRIEK
PLEK	WYNAND SE KAMER MET EIE BADKAMER
TYD	DIE STUK SPEEL AF IN 'REAL TIME' - DIE MUURHORLOSIE MOET DUS NET VOOR GORDYN OOPGAAN GESTEL WORD. DIT IS OM EN BY 01:30 ICRy DIGITALE MUURHORLOSIE
DEKOR	GEEN STEL IS NODIG NIE. BUITEDEUR EN BADKAMERDEUR IS SLEGS RAAMWERKE. TEEN 'KOSYN' VAN BUITEDEUR IS 'N INTERKOM. DAAR KAN EEN 'FLAT' WEES, OF SLEGS IETS WAARTEEN MUURHORLOSIE HANG. INDIEN 'FLAT' KAN DAAR OOK [redacted] PLAKKAAT WEES, BV ROLPRENT [redacted] OF SANAER
MEUBELS	TWEE BEDDENS, BEDKAS, HANGKAS, SPIEËL
REKWISIETE	REALISTIES
KLANK	DONDERWEER, REËN, DALK SOMS VERAF STRAATGELUIDE, GEEN MUSIEK

[MET GORDYN OP IS DIT STIKDONKER]

WYNAND : [ONMIDDELLIK, WANT GESPREK IS REEDS AAN DIE GANG] Ja, ek moes my pa en ma vertel, so hulle weet.

DEWALD : En jou broer?

WYNAND : Ofkos weet hy ook.

DEWALD : En...?

WYNAND : Pieter? Hy's dik die donner in. Weier om met my te praat. Maar dis sy wharries. Hy moet maar regkom. Ek kon mos nie net stilbly vir my pa-hulle nie. Dis so te sê lieg.

[BELIGTING BAIE SUBTIEL TOT OP 10% SODAT HULLE NET SIGBAAR RAAK]

DEWALD : Jy en Pieter kom nie eintlik oor die weg nie, né.

WYNAND: Nie rêrig nie. Hy's drie jaar ouer as ek en was gewoond daaraan om al die aandag te kry. En toe kom ek en word hoofseun *en* eerstespan rugbykaptein oor wat hy nie kon regkry nie. ~~Nou~~ ~~speel ek rugby vir Pukke~~. Dalk is hy net jaloers. Maar hy spaak daar op Wits met die medies, man. Verder is dit maar net vir jou en Fanie wat ek van die ding vertel het.

(Spark")

[ENKELE WEERLIGSTRAAL WAT DIE KAMER VERLIG. KORT DAARNA GEWELDIGE DONDERSLAG]

DEWALD : Blikslaer, daai een was naby! Ek sweer Faantjie het hom nou beskyt in die loo. Wat draai hy so? Dink jy hy sit en mielie rol?

WYNAND : Los die outjie uit, man.

[LIGTE AAN 100%. WYNAND SIT-LÊ TEEN STYL VAN EEN BED, DEWALD SIT OP ANDER MET VOETE OP GROND. HY IS IN KORTMOUHEMP, KORTBROEK & SANDALE. WYNAND SLEGS IN ONDERBROEK OF, AS

NAGVOËLS

AKTEUR NIE KANS SIEN NIE, IN VOETBALBROEK]

WYNAND : Uit-blerrie-eindelik! Kan jy glo dat die weer Eskom onderstebo kan bliksem? Voor dit weer gebeur, gaan ek kerse soek in my ma se kombuis. Eskom is nuus werd.

DEWALD : [TERWYL W AFSTAP NA 'BUITEDEUR'] Jy's blessit gelukkig om so apart van die huis te bly. Ek's nog steeds reg onner my pa-hulle se oë... En ore, as jy verstaan wat ek bedoel...

WYNAND : [LAG] [AF] Ja.....

DEWALD : Fanie de Jager, het jy versuip in die bak? [STAAN OP EN STAP NA 'BINNEDEUR' OORKANT VAN 'BUITEDEUR'] Fanie? Fanie?! FANIE!!!

FANIE : [AF. DEUR DIE BLARE] Wat issit, man?!!

DEWALD : Sit jy vas, rol jy mielie, slaap jy, wat gaat aan?

FANIE : [AF] Ag, sorry, ou. Ek kom.

DEWALD : Doen dit eerder maar net daar waar jy is!

FANIE : [VERSKYN. HY HET JEANS, T-HEMP EN SNEAKERS AAN] Grapgat! Jy't ook net een ding op die brein. [STOOT D UIT SY PAD EN GAAN VAL OP W SE BED NEER]

DEWALD : Hoekom anders dink jy is ek so goed met tennis en gimnastiek en atletiek?

FANIE ; Watse logika is dit?

DEWALD : Ek moet aanhoudend sport doen om my aandag van girls en lekkerkry en so aan af te trek.... Hoërskool ....

FANIE : [LAG] Jy hou jou verniet ~~Kaneh~~ se stud. Waar's Wyn?

DEWALD : Gaan kerse soek.

NAGVOËLS

FANIE : Kerse? Kinky!!

DEWALD : Voor die krag dalk weer afgaan, man... Wat't jy so gedraai in die badkamer?

FANIE : Aan die slaap geraak in die donker. [HY LAG VERLEË] Na ek klaar gepie't, het ek het in die bad geklim om in daai boek van Wyn wat daar lê te lees, toe gaan die ligte uit en ek dink dit sal nou weer aankom en toe skrik ek eers wakker toe jy so skree.

DEWALD : Het die donderslae jou nie wakker gemaak nie?

[ON CUE IS DAAR WEERLIG EN RUKKIE DAARNA DONDERSLAG]

DEWALD : Asof ek dit geroep het, nè.

[DIT BEGIN REËN. WYNAND HAASTIG BINNE MET PAK KERSE EN BOKSIE VUURHOUTJIES]

WYNAND : Net betyds. Die afdak tussen my plek en die huis lek. En as ek dit vir my pa sê, grom hy net ek moet dit self regmaak.

DEWALD : So vir wat doen jy dit nie?

WYNAND : [SIT KERSE EN VUURHOUTJIES OP BEDKAS NEER] Te lui. Ou Faantjie is terug uit die graf. Tjek of daai ketel water het, dan slaat jy dit vir ons aan en maak vir ons koffie, Faanman.

FANIE : Shoor. [RAAK DOENIG MET KOFFIEGOED]

DEWALD : Dié't mos lê en slaap in jou bad met 'n boek.

FANIE : Ag, man, ek was vanoggend al vyfuur op om te swot vir die verdomde Geskiedenis toets.

WYNAND : Wat het jy gelees?

NAGVOËLS

FANIE : Van Hennie Aucamp. Daai *Ook Skaduwees Laat Spore.* Dis lekker stories.

DEWALD : Sjis, dis nag *en* dit reën, maar dit bly bedompig en warm.

WYNAND : Hou op moun. Trek uit jou hemp. En jou broek as jy wil.

DEWALD : A) wie sê ek het 'n onderbroek aan en B) netnou vat jy dalk aan my.

WYNAND : Hu-hu-hu-HU. Ek het beter smaak as dit.

DEWALD : Meen jy nou ek is miskien lelik? Of on-sexy? Vir wat kry ek dan briefies en SMS'e en ~~so aan~~ Tweets van girls? Een het glads vir my ge- tweet ~~SMS~~ ek het sexyste gat ~~op die kampus~~. In die skool.

WYNAND : O, nogal?! [STAAN OP, DRAAI SY RUG NA HULLE EN TREK SY BROEK/ONDERBROEK AF SODAT SY BOUDE OOK VIR GEHOOR SIGBAAR IS] En ek? Het ek ook 'n sexy en mooi gat? [STILTE. F & D KYK NA MEKAAR EN KEER OM TE LAG] Hé? Dewald? Fanie? [TREK WEER BROEK OP EN LAG]

DEWALD : [TREK SY HEMP UIT] A) moenie ons 'moon' nie en B) moenie vir ons ouens vra om te 'judge' nie, my ou.

WYNAND : Nee, dis maar orraait. So ken 'n mens jou vrie- [DIE BUZZER VAN DIE INTERKOM ONDERBREEK HOM] Wie de...? [KYK NA MUURHORLOSIE] Wie de moer kom [tyd wat horlosie aandui] op 'n Vrydagnag hier aan? [BUZZER ROEP WEER, WYNAND STAP NA INTERKOM. DRUK KNOPPIE. KORTAF:] Ja?! [LOS KNOPPIE]

GREEF : [STEM OOR INTERKOM] Maak oop, ou Wynand, man. Dit reent. Maak oop. Dis Greef.

WYNAND : [KYK NA ANDER. DRUK KNOPPIE EN PRAAT] Ek slaap al, Greef. [LOS KNOPPIE]

NAGVOËLS

GREEF : Jy donners lieg. Ek kan Dewald se baaik sien.

WYNAND : [DRUK KNOPPIE] Hy slaap ook. [LOS KNOPPIE]

GREEF : Liegbek. Dis langnaweek. Julle slaap nie. Maak oop!!!

WYNAND : [DRUK KNOPPIE] Ek maak die klein hekkie oop. Sorg dat jy nie die honde laat uitgaan nie. En moenie lawaai nie. My pa het tot laat gewerk! [LOS KNOPPIE EN DRUK ANDER KNOP VIR HEK] Maak maar vier bekers koffie, Fanie. Sorrie, pêlle.

FANIE : [NOG BESIG: WANNEER KETEL KOOK, SAL HY WATER IN BEKERS GOOI ENS. GEE DAN OOK BEKERS MET KOFFIE AAN WANNEER DIT GEMAAK IS. SPELERS MOET DIE DRINK 'TIME' SODAT DIT NIE MET SPREEKBEURTE BOTS NIE] Waar kom daai Greef nou vandaan? Ek sê julle ouens, as hy weer met my begin aangaan...

DEWALD : Moenie die ou so kop toe vat nie, man. Jy weet, dis sy tweede keer ~~as eerstejaar~~ in matwek. As jy nie oppas nie, ruk hy vanjaar weer dan's hy volgende jaar jou klasmaat. Jy moet leer om hom te iegh. (ignore)

FANIE : Nee, hel, hy moet net deurkom. Of ~~staak en 'n jop kry iewers~~ loop werk soek.

WYNAND : Jy steur jou te veel aan die perd, Faanman. Hy's net bek.

FANIE : En blerrie groot buitegoed.

[GREEF VERSKYN IN RAAM VAN BUITEDEUR. HY KLOP TEEN RAAM]

WYNAND : Ja, kom in, Greef.

GREEF : [IN. HY IS 'N STEWIGE KALANT. HET KLERE AAN WAARIN HY GAAN JOL HET] Jis, jis, manne, hoesit? [SIEN FANIE] O, die hanslam is ook hier.

FANIE : Soek jy koffie, Greef, of Rattex?

GREEF : Luister, moflam, ek-

NAGVOËLS

WYNAND : [VAL HOM HARD IN DIE REDE] So, Greef, wat bring jou hier? Jy weet, in die Tragedies van die Klassieke Grieke, soos dié wat Sophokles geskryf het, was daar altyd 'n boodskapper wat vir die ander karakters van gebeure wat nie op die verhoog gewys kan word nie, kom vertel het. In Shakespeare se stukke ook. Wat kom vertel jy ons?

GREEF : Watse stront het jy nou gegorrel? W~~aar't jy daai stront gehoor~~?

WYNAND : By Herman.... Meneer van Staden. Hy ~~doseer~~ is 'n graad in Klassieke Tale.

GREEF : Ja, die bliksemse mofgat, hy sal seker weet van sukke gemors.

WYNAND : O, omdat hy die letterkunde ken en hou van musiek en die teater en so aan, is hy dadelik 'n moffie?

DEWALD : Is gelyk aan, né. G'n wonder jy dop Wiskunde nie.

GREEF : Wat?

WYNAND : [LAG] Ons sê maar net vir jou jy moenie mense op die baadjie takseer nie.

GREEF : Van Staden is mof, man. Vra jou maatjie Fanie. Hy's mos ok.

WYNAND : Hy's ook wat?

GREEF : 'n... [MAAK 'N OBSENE GEBAAR BV. VUIS OM DENKBEELDIGE PENIS WAARAAN HY DAN LEK]

WYNAND : Jy's nie alleen vieslik nie, jy's ver verkeerd. Omdat Fanie nie sportbedonnerd is nie en fyner gebou as jy, is hy onmiddelik gay?

DEWALD : Hoe lyk gay mans, Greef? Of laat ek eerder vra, hoe lyk straight mans? Karel Landman wat vir jou ook skool gehou het, gedra hom partykeer nes 'n vrou en hy's die pa van ses kinders!

FANIE : [WAT DIE ANDER DRIE DEURENTYD STIP DOPGEHOU HET SONDER OM TE PRAAT, TREK SKIELIK LOS] Wat maak dit saak wie's wat?! Mens se bydrae tot die lewe... die samelewing... is seker die belangrikste!

GREEF : [LAG] Ag, daai ou storie! Is als stront, man.

WYNAND : [KEER 'N KONFRONTASIE] Vertel ons waar jy was, Greef. Jy't gedrink, ruik dit my.

GREEF : [SELFVOLDAAN] Ja, ou perd, ek was by [gee naam van uithangplek wat bekend is by ~~studente~~ seuns.] Great. Party van die manne was lekker gegat. Daar was 'n faait ok. [~~VERVY~~]

GREEF : [~~VERVY~~] Toe kom die kops, toe spat ek en ek dink ek kom tjek wat jy maak.

FANIE : Nou sit ons met jou.

GREEF : Julle drie is mos groot gabbas. Altyd blerrie saam..

WYNAND : Ons ouers is al vir ewig huisvriende en ons ken mekaar van voor skool af.

GREEF : Uh. [HAAL PAKKIE SIGARETTE UIT BINNESAK]

WYNAND : Wat dink jy doen jy?

GREEF : Is net 'n smouk, man, niks 'serious' nie.

WYNAND : In my kamer waar mens dit môre nog gaan ruik? Ai-blerrie-kôna. My pa is 'n dokter, onthou. Vir hom is rook so erg soos seks sonder kondome.

GREEF : Hy sal mos nie weet nie.

WYNAND : Sit weg daai goed, Greef!

GREEF : [SKAAPAGTIG SIT HY DIE PAKKIE WEG] Oukêi, oukêi, oukêi. Hou net jou pêntie aan!

[VIR 'N RUKKIE DRINK HULLE ALMAL IN STILTE KOFFIE]

GREEF : [STILTE MAAK HOM DUIDELIK ONGEMAKLIK] Het julle boys die een gehoor van die pa-bul en die seun-bul wat-

DEWALD : [VAL HOM DWARS IN DIE REDE] Ja, Greef, ons het en ons gaan sweerlik nie nou begin grappe vertel nie.

GREEF : Nou waaroor gesels julle drie dan as julle saam is?

NAGVOËLS

FANIE : Oor dinge wat vir ons saak maak.

GREEF : Julle vra my ok nooit om te kuier nie. Is julle altyd so ernstig? By rugby is jy nie so stak-ap nie, Wynand.

WYNAND : Ek is nou ook nie. Ons was maar net besig om 'n ernstige saak te bepraat toe jy aangekom het.

GREEF : Soos wat nogal?

WYNAND : Dis nie nou meer belangrik nie.

GREEF : Sien? Julle laaik my nie rêrig nie. Julle wil nie met my tjêt nie.

WYNAND : Ag, Greef, moenie nou met 'n pittie paartie lostrek nie. Ons het gesels waaroor ons gesels het en nou's dit oor. Dit het niks uit te waai met van jou hou of nie van jou hou nie. Jy ~~was~~ is die beste slot wat die skool nog gehad het. ~~En nou's speel jy vir die [illegible]~~.

FANIE : [DRAMATIES EN 'ON CUE'] Die slot... Die end...

[WYNAND EN DEWALD LAG. GREEF GAAP HULLE AAN]

GREEF : Partykeers kan ek sweer julle ouens is be-ef in die kop.

WYNAND : Maar jy wil darem by ons kuier.

GREEF : Wat anners kan 'n ou die tyd van die nag doen?

FANIE : Slaap. Lyk my jy's jaloers omdat ons pelle is, hé, Greef?

GREEF : Die hele blerrie skool ~~het ga~~sê julle is die drie musketiers. Altyd bymekaar. Ju~~lle twee swot al en die snotkop is nog steeds by~~... Eerder drie musketie.

DEWALD : So jy's eerder nuuskierig as jaloers.

GREEF : [BROM] Julle praat sweerlik 'n klomp stront.

WYNAND : Musketiers? Ons is nie regtig een vir almal en almal vir een nie. Ons beskerm ook nie die belange van die Franse koning nie.

NAGVOËLS

GREEF : [BROM] Maar net gesê wat almal sê....Julle hou julle altyd blessit slim. [STAAN OP EN STAP NA TOILET] Moet gaan pis.

WYNAND : Moet jy in elke sin ten minste een kragwoord gebruik?

[GREEF GAAP HOM AAN EN VERDWYN DAN BY BINNEDEUR]

WYNAND : [NA PAAR SEKONDES] Ons is seker bietjie te taf op die ou.

FANIE : Ja, wel, hy maak daarna. Dis sy eie skuld.

WYNAND : Hy's nie so sleg nie, Fanie. Hy weet hy's nie so slim nie en is ~~op varsity net~~ omdat hy 'n sportbeurs gekry het en ek dink dit laat hom minderwaardig voel.

FANIE : Laat minderwaardigheid mens alle ander mense uitskel of slegsê?

DEWALD : Netso. Dis al manier om te koup en nie af te steek by ander nie. Jy weet, sy pa het sy ma gelos toe hy maar drie was. Hy ken nie sy pa nie en sy ma sukkel om hulle aan die lewe te hou.

FANIE : Reg. Ek kry hom jammer. Dit beteken nie ek moet van hom hou nie. Hy's 'n boelie.

[W & D LAG]

DEWALD : [VERSIGTIG] Ou Wyn... met jou pa nou 'n dokter en jou ma 'n psigiater... uh..... weet jy seker ...uh... van dinge...

WYNAND : Wat's'it met jou, Dewald? Ons praat mos oor als met mekaar...

DEWALD : [STEEDS BESKROOMD] Uh... man... as dit nou kom by die... by die lekker dinge van die lewe... ek meen as ek nou ...eendag daar is, nie nou al nie.... jy weet party manne... het... uithouvermoë... en ander....

WYNAND : Ja, oukêi, ek weet wat jy bedoel. Daar's langafstand-atlete en dan's daar naellopers. Jy wil sê jy hardloop nie die marathon nie.

FANIE : [LAG SAG]

DEWALD : So-iets. Is daar raad daarvoor?

WYNAND : Van my pa se boeke, eintlik my ma s'n want sy gee mos dié soort raad, skryf oor oefeninge wat 'n ou kan doen. Maar daar's sulke rome of goed wat mens by apteke of daai adult shops kan koop.

[KLANK VAN TOILET WAT SPOEL WORD GEHOOR. GREEF VERSKYN. HY VROETEL NOG MET GULP. KYK DAN NA FANIE]

GREEF : Jy wil my nie dalk help met my gulp nie, ou Faantjie?

FANIE : Voertsek, man!! [GEE HASTIG PAD]

WYNAND : [IGN DIE ONDERBREKING] Maar voordat jy dit vir die regte doel gebruik, moet jy dit maar eers net op jou eie toets.

DEWALD : [MAAK GROOT OË SODAT W NIE DIE SAK PATATS VOOR G UITGOOI NIE]

WYNAND : [WAT REEDS WEET, KNIK] Dis altyd beter om 'n resep op jouself uit te toets voordat jy dit aan gaste voorsit.

DEWALD : [LAG] Ja, dis goeie raad.

GREEF : My donner, gaan jy nou begin staan en kook?

[W, D& F LAG]

DEWALD : [LAGGEND] Sê maar so.

GREEF : En gaste nooi?

DEWALD : [LAG] Net so.

GREEF : Dan kan jy mos net sowel, eerder as op jouself, die resep op ons ouens uit toets.

[W, D & F PIS HULLE NAT]

DEWALD : In your wet dreams!

GREEF : Julle wetters lag al weer vir my. [DIT TREF HOM SKIELIK] Kook!!! Moet net nie vir my sê jy's ok 'n mofgat nie!

DEWALD : [HOU OP LAG] Ag, jou dekselse kar het ook net een rat! Al weer daai storie!

FANIE : Grefie, van die wêreld se beste kokke is mans. Is Jamie Oliver, die Naked Chef, miskien gay? Hy's getroud en hulle het 'n bybie.

GREEF : Ja, ja, ja. Kook is vroumenswerk. Maar jy sal hulle verdedig.... .

[DAAR IS 'N ONVERWAGTE HELSE DONDERSLAG WAT AL VIER LAAT WIP]

DEWALD : [HERSTEL] Dis van al die tjol wat jy braak, Greef. Kan jou ook sê daar is gay mans wat mechanics is en die wat rugby speel en boer en trokke dryf en al daais.

GREEF : Hoe weet jy?

DEWALD : Jy sê mos ek is een van hulle, so ek leer hulle maar ken in die gay klubs in [redacted]g waantoe ek altyd gaan....

GREEF : [GAAP HOM AAN, BESEF DAN EN GROM] Hou op my te pluk, man.

DEWALD : Dan hou jy op om ons te pluk!

[LIGTE FLIKKER EN DAN IS DIT WEER STIKDONKER. AD LIB TERWYL WYNAND SKARREL VIR KERSE EN VUURHOUTJIES. STEEK AAN EN PLAAS ROND. SLEGS KERSLIG]

WYNAND : Al weer! Wat is dit met die elektrisiteit vannag? Tipies Eskom, Eintlik Esgaan.

GREEF : [GRINNIK] As hier nou tjieks was, was dit moeranties. Maak vir ons musiek, Wynand.

DEWALD : [VOOR W KAN REAGEER] Greef, A) dis te laat in die nag en B) die elektrisiteit is af. Waarmee moet Wynand sy musieksentrum werk, kerskrag?

GREEF : Pleks jy jou kitaar gebring't, Faan, dan kon ons gesing het.

WYNAND : Ons kan nie, Greef. Dit sal my pa-hulle steur.

NAGVOËLS

GREEF : Môre is 'n vakansiedag....

WYNAND : Reg. My pa's 'n sjirurg en ek glo nie hy het operasies geskeduleer vir môre nie, maar wat van noodgevalle? Hy kry min slaap, ou Greef, so laat ons hom maar laat rus.

[KORT POUSE. STEEL LIG IN TOT 10%]

DEWALD : [ONVERWAGS] Kom ons hou 'n séance!

WYNAND : Raak jy nou helemal-

FANIE : [VAL HOM OPGEWONDE IN DIE REDE] Ja, ja, ja, ja!

WYNAND : [SNAP, KYK NA GREEF, WIL INSTEM EN BEDINK HOM DAN] Nee, 'n mens speel nie met daai klas dinge nie, of dit nou bestaan of nie.

FANIE : [POR EN BEDUIE NA GREEF] Kom ons hou 'n séance, Wyn, dit gaan pret wees..

GREEF : Watseding is 'n sy hans? [GROMMERIG] Is dit nou soos in wat hulle noem 'drag queens' met rokke aantrek en so?

DEWALD : [LAG]

FANIE : Sal jy hou daarvan as ons fopdos, Greef? 'n Séance is geeste oproep en hoor wat hulle sê.

GREEF : [ONGELOWIG] Kan julle dit doen? [DIT WIL LYK OF HY BANGERIG IS]

FANIE : Shoor. Wynand is baie goed daarmee. Toe, Wyn, man...

DEWALD : Go for it, Wyn.

WYNAND : Julle ouens is onregverdig. En wreed.

FANIE : Segrootblief, toe.

WYNAND : [SWIG] Goed. Ons moet in 'n kring sit en hande vashou.

NAGVOËLS

GREEF : Is julle wragtag ernstig? Hande vashou? Nie met daai ou nie!

[W, D EN F GAAN SIT. G VOLG MAAR. KRING IS SO OPGESTEL DAT AL VIER SE GESIGTE VIR GEHOOR SIGBAAR IS. HULLE VAT HANDE, GREEF BAIE ONWILLIG]

WYNAND : [BEGIN DREUN SOOS BOEDDHISTIESE MONNIK EN BRABBEL DAN GELUIDE. HY GEE VOOR DAT HY IN BESWYMING RAAK. SY OË IS GETREK WANNEER HY NA HULLE KYK, ASOF HY DEUR HULLE SIEN]

FANIE : O, grote gees, met wie het ons te doen?

WYNAND : [IN ANDER STEM, BAIE DONKER, MAAK VREEMDE WOORDE OP:] Naag elluj ym tioon tem sur taal ien?

FANIE : [ONDERDRUK GIGGEL] O, Grote, ons verstaan u nie.

WYNAND : [STEM] Seuns, julle versteur die ewigheid. Ons het belangriker dinge om te doen as om met speletjies gepla te word.

DEWALD : Met wie praat ons?

WYNAND : Abardjaniusmetopius...

FANIE : En ken u ons?

WYNAND : Ja. Jy is Stefanus Lodewikus Marais. [DRAAI NA WYNAND] En dit is Wynand Theron. [DRAAI NA GREEF] En die jong man wat swyg en nie vrae vra nie, is... [KORT POUSE] Nee... wag... jy is... ek dink jou naam begin met die letter...G... Gawie? Giel? O, jy is Gert Steenkamp.

GREEF : Is nie! Ek is Greef Pieterse!

WYNAND : Dit kan nie wees nie! Jy leef dan 'n vals lewe onder [redacted]

WYNAND : [redacted] 'n vals naam. Jy is 'n ordentlike mens wat nie rook of drink nie. En veral nie lieg by sy maats oor hoeveel meisies hy al gehad het nie. Dié Greef Pieterse waarvan jy praat, doen al daardie goed.

[STILTE. GREEF DUIDELIK ONGEMAKLIK]

NAGVOËLS

FANIE : Wat gaan met hom gebeur, Abar... Abard

WYNAND : Abardgewiusmesopotamius.

FANIE : [KEER WEER DIE LAG] Ja. Wat gaan met daardie Greef Pieterse gebeur?

WYNAND : O, die geeste sal hom snags besoek en laat les opsê!

GREEF : [GLAD NIE MEER DAPPER NIE] Jy lieg! Ek glo g'n in spoke nie!

WYNAND : [IN WILDE HOË STEM SOOS MAL VROU] Greef! Grefie! Jy wil nie vir ouma luister nie! Ek gaan jou boude vuurwarm klop. Vir wat het jy al weer die melk gemors!

GREEF : [VLIEG VERVAARD OP] Ouma!???! [HY WIL LAAT VAT]

WYNAND : [IN ABERD- STEM, BULDER] Sit!!!!

GREEF : [VAL TERUG OP VLOER] O, fff---

WYNAND : [OUMA STEM] Nie daai woord nie, Grefie!

[HELSE WEERLIG EN DONDER TEGELYK. AL VIER WIP. GREEF WIL WEER LAAT VAT]

WYNAND : [GEWONE STEM] Greef!

GREEF : Voertsek, man. Julle is met die duiwel deurmekaar. [HY IS ONTSTIG EN WIL PAD GEE]

WYNAND : Greef, Greef, Greef, whou, whou, Greef. Ons het met jou gegrap! Stadig nou, man!

GREEF : [AGGRESSIEF] Wat weet jy van my ouma af?

WYNAND : [ONKANT] Niks. Niks, Greef, wat bedoel jy?

GREEF : Julle is van die duiwel. Julle geeste moet my ouma uitlos.

WYNAND : [PAAI] Greef, dit was net 'n grap. Ek het sommer stemme aangesit.

GREEF : My ouma was 'n goeie mens. Julle los haar uit, verstaan?!

DEWALD : Wynand het net gespeel, Greef. Relax/Chill.

[LIGTE KOM AAN. ALMAL VERLIG. GREEF DUIDELIK DIE MEESTE]

GREEF : Dis g'n snaaks nie en dis ook nie speletjies nie. Julle het niks met my ouma uit te waai nie.

FANIE : Dis orraait, Greef, dit was mos nie sleg bedoel nie.

GREEF : Hou jy jou bek, moflam!!

WYNAND : [BESEF 'N VERKEERDE SNAAR IS GESPEEL] Wat is fout, Greef? Ons het niks lelik van jou ouma gesê nie.

GREEF : [BARS] Toe my... toe my pa... ons... weggesmyt het, het my ouma my grootgemaak... tot sy... dood is.

WYNAND : En jou suster?

GREEF : Sy's nie my pa se kind nie, man!!!!

WYNAND : Ekskuus, Greef, ons het nie bedoel om neus in te steek nie.

GREEF : Solank julle net my ouma uit los. Sy was 'n goeie mens, maak nie saak wie sê wat nie.

[HULLE IS ALMAL STIL, ELK MET SY EIE GEDAGTES. DAN WAAI WYNAND DIE KERSE MET SY HAND DOOD]

GREEF : Vir wat bláás jy nie die goed dood nie?

WYNAND : 'n Mens mors nie prana op kerse doodblaas nie. [VOOR G KAN VRA] En voor jy vra, prana is die krag wat lewe gee.

GREEF : [SNORK. NA 'N RUKKIE:] Het jy sweerlik net gemaak of jy soos geeste klink?

WYNAND : Sweerlik...

GREEF : [ONDERLANGS] Het my gat afgeskrik. Baie soos my ouma

geklink....

DEWALD : Wynand is maar net 'n goeie akteur....

GREEF : [WEER MOERIG] Ma' dis julle wat hom opgesteek het. Jy en daai... daai...

WYNAND : [SPRING HOM VOOR] Greef, moet nou nie weer vir Fanie staan en uitskel nie. Hy's ons vriend. As jy nie van hom hou nie, is dit jou saak. En as jy nie saam met hom hier wil wees nie, kan jy mos loop. Niemand keer jou nie.

GREEF : Jaag jy my weg?

WYNAND : Nee. Maar jy hou op om Fanie te beledig.

GREEF : Vir wat is jy so partydig vir hom?

WYNAND : Dis nie eens 'n antwoord werd nie. Hy's my tjom en klaar.

GREEF : Wel, ek laaik dit nie om in die selle plek as 'n mofgat te wees nie.

WYNAND : [VERERG HOM, MAAR HAAL DIEP ASEM]

FANIE : [SIEN H.K.G.K. EN PROBEER DIT KEER] Vergeet dit, Wyn. Laat hy sê wat hy wil.

GREEF : Moffies is vieslik, man. Julle versprei AIDS en dis teen die Bybel. Julle moet almal vrek geskiet word.

FANIE : [ONTSTIG] Klink my jý het 'n probleem.

GREEF : Vieslike goed! Moffies is vuilsiekte! Varkgatte!

WYNAND : [KAN NIE MEER NIE, SPRING NA G, GRYP HOM AAN KRAAG EN TREK HOM TOTDAT HUL GESIGTE FEITLIK TEEN MEKAAR IS] Nou vir wat kom kuier jy dan vir my? As jy gays so haat, vir wat kom kuier jy vir my?

GREEF : Wat meen jy?

WYNAND : Net wat ek vra. Ek is-

NAGVOËLS

FANIE : [OMTRENT GELYKTYDIG MET DEWALD] Wynand, moenie! Los dit net!

DEWALD : [SOOS VORIGE] Wyn, dis net moeilikheid soek!

WYNAND : [STEUR HOM NIE] Ek is gay, Greef. *Ek* is gay!

WYNAND : [~~WEER~~V] Nie Fanie nie en nie Dewald nie. Ek is gay, verstaan jy my?! En behalwe vir my ouers en my broer, was dit net Fanie en Dewald wat tot nou toe daarvan geweet het.

GREEF : [GRYP W AAN SKOUERS] Jy lieg, jou bliksem, jy lieg!

WYNAND : Ek lieg nie! Ek het dit nog nooit bewys deur met iemand te slaap nie, daar's baie jare voor daarvoor, maar ek is gay!!!

GREEF : [RUK EN PLUK W] En jy speel rugby! Jy stort saam met die ouens na oefeninge en wedstryde!!!

WYNAND : So? Vat ek miskien aan julle?

GREEF : En as die ~~w~~ uitvind?

WYNAND : Wat kan hulle doen? My skors? Ek glo nie. My uit die rugbyspan skop? Dan is dit soos dit is. Hulle sal nie weet nie, tensy jy dit rondvertel.

FANIE : Niemand sal hom glo nie, want hy noem almal moffies!!

GREEF : [RUK HIERDIE KEER WILD EN DIS ASOF HY WIL HUIL] Jy lieg weer vir my, Wynand, Nes netnou toe jy gemaak het of jy geeste is.

WYNAND : Glo wat jy wil, Greef, ek praat net die waarheid.

GREEF : [STAMP W BAIE ROF WEG] Jou vieslike, vieslike vark! Kakhuis!

WYNAND : [BLITSIG TERUG BY HOM] Nee, ou pêl, vergeet dit. Te veel mense het al swaar gekry. Ek gaan nie toelaat dat mense my vir die res van my lewe uitskel en beledig vir wat ek is nie!!

[G SLAAN NA W, MAAR W ONDERSKEP DIE VUISHOU EN GRYP SY ARM VAS. HULLE BEGIN STOEI. OPPAS

NAGVOËLS

VIR GEMAAKTE VUISHOUE, DIT WERK NIE OP DIE VERHOOG NIE. REGISSEUR MOET STOEIGEVEG CHOREOGRAFEER SODAT DIE MANNE NIE SEERKRY OF DIT NET CHAOS WORD NIE. ALBEI MAAK GELUIDE, OPPAS OOK VIR AD LIB DIALOOG. F & D KAN WEL AD LIB SOOS :

Julle maak lawaai! Netnou is die mense wakker! Julle gaan mekaar seermaak. Hou op! (ENS) *{Totdat Fanie na 'n paar minute sê :}*

FANIE : Donner hom, Wynand, donner hom!!

[WYNAND KRY G IN GREEP BEET, DRAAI SY ARM AGTER SY RUG EN DWING HOM AF. G VAL OP MAAG OP GROND EN W VAL BO-OP HOM]

WYNAND : [HYG EN GROM BY G SE DOWNSTAGE OOR - LW GEHOOR KAN DALK HIERVOOR LAG, HY MOET DIT BAIE ERNSTIG EN DREIGEND DOEN EN AS HULLE WEL LAG, MOET HY DIT NOG DRINGENDER HERHAAL]

WYNAND : Besef jy, as ek wou, kan ek jou net hier verkrag, Greef? As ek wou. Besef jy dit!?!

GREEF : [MOEG, OORWONNE, MAAR OOK GROMMEND] Doen dit dan dit!! Hoekom doen jy dit nie?!

FANIE : [WAT INTUSSEN SAAM MET D NADERGEKOM HET EN UPSTAGE VAN HULLE STAAN] Dit lyk asof hy soebat daarvoor.

DEWALD : Sodat hy vir die hele skool almal en dan kan vertel Wynand het hom verkrag?

FANIE : Wie sal hom glo?

WYNAND : [BAIE DREIGEND] Beledig weer iemand, Greef, dan donner ek jou wragtig regtig op! [HY LOS VIR G, STAAN OP EN TREK SY BROEK/OB REG]

GREEF : [SAK SY KOP OP SY HANDE. OU GROTE HUIL] Wat de fok sou dit saak maak? Ek is al eenkeer verkrag, man, toe ek twaalf was.

NAGVOËLS

WYNAND : [SIT OP SY BED][LANG POUSE. HERWIN EWEWIG] Ek is jammer om dit te hoor, Greef, baie jammer.

DEWALD : Dit gee jou nogtans nie die reg om almal skelname te noem of alle gays oor daardie kam te skeer nie.

GREEF : Hy was nie eens gay nie, man, net dronk!!!!!

WYNAND : [KOM KNIEL LANGS HOM] Dis erg, Greef, ek is sweerlik jammer. Ek dink jy voel aangetas. Met reg. Maar jy is nog steeds 'n man. Manlikheid het niks met gay of straight wees te doen nie. Dit moes vir jou hel gewees het.

GREEF : [HYS HOM OP VOORARMS OP. KYK NA W] Sorrie, ou Wynand. Is jy rêrig.... gay? Lieg jy nie?

WYNAND : Ek lieg nie. Goddank vir my pa en ma wat verstaan. Maak vir ons nog koffie, Fanie.

FANIE : Shoor.

GREEF : Ek dink ek moet eeder huis toe gaan. [HY SUKKEL ORENT]

WYNAND : Dis nie nodig nie. Ek is nie kwaad vir jou nie. Ek is nog steeds net ek.

GREEF : Jy's... dis... Sjit... Ek... ek's.... ek's [redacted] Vodde.

DEWALD : [KRY HOM OOK JAMMER] Miskien moet ons almal gaan slaap. [HY KYK NA WYNAND EN FANIE] Ek sal jou 'n lift gee op die baaik, Greef.

GREEF : Ek... ek bly... te ver.... En... dis nie... soos hier nie... dis nie grênd nie...

WYNAND : Hy sal jou huis toe vat, Greef. Dan kan hy vir Fanie kom haal.

FANIE : Dis nie nodig nie. Ek dos sommer op die ander bed hier.

WYNAND : Ook orraait.

DEWALD : Kom, Greef. Cheers, ouens. Sien julle môre.

NAGVOËLS

FANIE : Cheers.

WYNAND : Baai. Dankie, Dewald.

GREEF : Wynand... Ek...

WYNAND : Dis maar oukêi, Greef. Almal voel nie eenders oor goed nie.

GREEF : Ek wou sê jy's blessit sterk, Wynand. En... jy's 'n befokte goeie rugbyspeler.

WYNAND : Nag, Greef. Vriende?

GREEF : Vriende.

[G EN D AF. W KYK NA HOMSELF IN SPIEËL]

FANIE : Sjoe, jy was dapper, Wynand. Om vir hom van jouself te vertel om my te beskerm. Dis sowaar vriendskap...

WYNAND : Dis niks, Faanman, Dis soos dit hoort. [IN SPIEËL] Ek het dit so wrintiewaar gedoen. Ek het straight out vir hom gesê ek's gay...

FANIE : [GAAN SIT OP ANDER BED] Na jy vir ons gesê het van jou, het ek partykeers gewens ek is ok gay.

WYNAND : [LAG HALF] Vir wat?!!

FANIE : Ek sou nie gemaaind het om jou lover te wees nie.

WYNAND : [GERAAK, GAAN SIT OP SY EIE BED] Faanman, ai, Faanman. Dis seker die grootste pluimpie wat enigiemand my ooit sal gee.

FANIE : Arme Greef.

WYNAND : Ja, arme, Greef. Ons moet nou slaap, Faantjie. En Faan....

FANIE : Ja?

WYNAND : As jy gay was, sou ek jou ook sterk gelaaik het....

ALTWEE LAG, MAAR MET TEERHEID.
VERDONKERING EN GORDYN